

6 Junie 2021

# GRAAD 4 – 7 KATEGESE

OUPA ABIE GESELSBLAD

## 1 Samuel 8:4-20

wat wil jy vandag bereik?

**Ons vier Koninkrykstyl, want Jesus, die Koning, sorg mooi vir ons.**

ons storie: waar is ons nou?)

Weet jy van slegte konings, presidente en leiers in die wêreld? Wat maak hulle slegte leiers?

Wanneer is iemand 'n goeie leier? Hoe sal dit wees as ons almal goeie leiding neem? Wat sal gebeur as alle leiers net oor hulle eie mag en geld omgee?

GOD se storie  
wat sê die Bybel (daar en dan)

**Lees 1 Sam. 8:4-20 saam as 'n groep of familie.  
Kyk dan die Oupa Abie video wat gaan oor die teksgedeelte.**

Ouers  
**erosBATZ**  
(Gr.4-6)



Nous volg drie hoofbewegings in ons kategorie-benadering.

### 1. Ons eie storie

*Die eerste gedeelte vra vrae oor ons huidige belewenisse en sienings oor 'n sekere tema.*

### 2. God se storie

Die tweede gedeelte hanteer die teks van die week. Meesal gaan die Abie video daaroor.

Vrae oor die teks word gevra.

### 3. Ons nuwe storie

In die laaste fase gesels ons oor die betekenis van God se storie in ons lewens. Ons integreer wat ons gehoor het, by ons eie lewens.

## **Moontlike AKTIWITEIT vir voor of na die tyd**

**Maak 'n kroon vir 'n koning. Julle kan ook 'n doringkroon vleg (of teken) en praat oor die manier waarop Jesus 'n koning vir ons is.**



gesels dan oor die volgende saam

Hoe help Oupa Abie jou om oor die teks te dink?

Waaroor is Samuel ontsteld?

Wou God 'n koning hê vir Israel, of nie? Hoekom laat God dit toe?

Konings wil dikwels hulleself of hulle nageslag verryk. Hoe is Jesus anders?

**Ons vier Koninkrykstyding:**

**Koninkrykstyding begin die Sondag na Pinkster (Triniteitsondag) en strek tot die Sondag voor Advent (die Sondag van Christus die Koning). Dit is dus die langste "seisoen" in die kerkjaar se kalender.**

Gebruik die simbole om Koninkrykstyding aan die kinders te verduidelik:

'n kroon uit papier gevou en 'n paar plakkies

**Koerant kroon:** In Koninkrykstyding dink ons daaraan dat Jesus ons Koning is en oor sy koninkryk regeer.

Die koerant kroon herinner ons dat Jesus 'n ander tipe koning is.

**Plakkies:** Jesus is die koning wat ons as sy dissipels roep om hom te volg. Daarom is plakkies 'n goeie simbool wat ons herinner om in Jesus se voetspore te volg.

ons nuwe **storie** (verder en voor)

(Hoe ons nuut, dink, doen en leef  
in die wêreld rondom ons)

Goeie leiers dien eerder vir God (en help daarom mense) as om hulleself te probeer verryk. Hoe kan ons seker maak ons is self sulke leiers?

Hoe kies 'n mens 'n leier?

Hoe kan julle in koninkrykstyding Jesus se Koningskap vier?

bid vir mekaar

**Bid vir die leiers van die wêreld.**

**Bid dat Jesus se Koningskap vir almal duidelik sal wees.**

**Dank God vir sy liefdevolle koningskap.**

na die **erediens**

As julle gesin na die online erediens bymekaarkom waarin die teks hanteer is:

Noem enige iets uit die prediking wat jou geraak het of wat jy nie verstaan nie.

Wat dink julle was die hoofgedagte? Kan julle dit in een sin opsom?

